

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 42**

**15 Oktober 2023**

# Agapé – Liefde

**Luk 6:27-36  Ontdek die ritmiese hartklop van God se agape-liefde**

**'n Agapé-liefde reaksie…**
**Soos 'n voël wat antwoord op 'n ander se lied, is hierdie eerste hartklop 'n reaksie. Jesus se herhaalde frase "julle moet jul vyande liefhê" (Luk 6:27,35) beklemtoon agape-liefde se reaksie. Vir wie moet ons volgens Jesus liefhê wanneer Hy sê: "Julle moet jul vyande liefhê"? Wie is hierdie vyande? Luk 6:22 sê: "Salig is julle wanneer die mense julle haat, en wanneer hulle julle verstoot en beledig en jul naam weggooi soos iets wat sleg is, ter wille van die Seun van die mens." Die vyande waarna Jesus verwys, is dié wat vir Christus en sy volgelinge haat, uitsluit en beledig. Die rigting van die vyandskap is belangrik. Jesus maak dit duidelik dat hierdie mense Hom en Sy dissipels as hulle vyand beskou, nie andersom nie! As volgelinge van Christus moet ons nooit uit haat reageer nie, maar eerder wanneer ons aan die ontvangkant staan, met agape-liefde reageer. Luk 6:32 illustreer dat agape-liefde in volle blom is wanneer ons dié liefhet wat nie vir ons lief is nie.**
**Doen die goeie…**
**Die tweede hartklop volg onmiddelik op die eerste; let op dat agape-liefde aksie behels. Dit kan nie anders as om "die goeie te doen" nie. Wanneer ons gehaat en mishandle word (kwetsende woorde of dade) omdat ons Christus volg, reageer ons met agape-liefde. Ons gee gestalte aan Christus se agape-hart in ons wanneer ons "goed doen aan dié wat ons haat", wanneer "ons dié seën wat ons vervloek" en wanneer ons "bid vir dié wat ons beledig."**
**Op 'n tasbare manier…**
**Die derde hartklop anker agape-liefde op 'n tasbare manier. Die reaksie van agape-liefde word nie net in dade gesien nie, maar ook tasbaar gevoel. Dit kos jou iets. Jesus illustreer nie net agape-liefde in die aksie van die ander wang draai nie, Hy beeld dit op tasbare manier uit. Die wêreld is behep met die gee en neem van mantels, goedere en geld. Hoe kry 'n reaksie van agape-liefde in hierdie gierige wêreld gestalte? Met 'n oop hart en hand! Agapé-liefde weerhou niks nie, dit gee vrygewig. Gee jou onderhemp wanneer iemand jou mantel wil hê (as borg vir skuld- lees eks 22:26), gee jou besittings en vergifnis wanneer iemand dit van jou afneem. Gee aan die wat by jou bedel. Agapé-liefde word tasbaar gevoel.**
**Wanneer ons reageer met die hart van Jesus wat nou in ons klop, lyk ons soos die Vader se "kinders van die Allerhoogste" wat Sy goeie en genadige aard aan 'n wêreld weerspieël wat Hom desperaat nodig het. – Stephen Kyriacou**

**Dankie!**

- **Dat God Sy agape-liefde in ons harte uitgestort het deur Sy Heilige Gees!**
- **Vir ál die seëninge wat ons so oorvloedig uit Sy Vaderhand ontvang, sonder verdienste..**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land. Vir die brande en vloede in verskeie dele van ons land.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Louis Strauss
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Albert Glockzin
- Jillian Jansen
- Willie Britz
- Tilly van Huysen
- Flippie Roslee
- Talitha Prinsloo

Frik Blom
Ria Putter
Tannie Martie de Beer
Monty Pienaar
Heleen Lamont
Heinrich Kotzé
Sumari Pretorius
James Vermaak
Theuns Pelser
Rudi Kruger
Jaap Naude
Oom Cedric Wiegand
Tannie Bets Coetzee

## Gedagte vir die week

**“en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes. Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.”**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org